Die belangrikheid van ouerlike betrokkenheid by hul kinders se opvoeding

Praatjie gelewer vir Laer Volkskool Heidelberg op 16 Januarie 2016

Deur Dirk Odendaal

NOTAS

1 Inleiding

- Daar is n verskil tussen betrokke wees en inmeng.
- Betrokkenheid kan formeel wees, op komitees, vrywillige hulp met projekte ens. Dit kan ook informeel wees wat insluit betrokkenheid met huiswerk, buitemuurs, maats en sosialisering, netwerk van ander ouers, help met doelwitte, besluitneming, probleemoplossing.
- Betrokkenheid vertaal as vrywillige deelname.

2 Die doelwitte van betrokkenheid

- Is om: 'n Vennootskap tussen die ouer en die skool te vestig met die doel om gesamentlik:
- Gelukkige, sorgvrye, veilige, geborge laerskool kinderjare te bewerkstellig want
- Latere lewensfases gaan nie noodwendig die luuksheid hiervoor bied nie en aangesien
- Gelukkige kinders die beste kans staan om gelukkige volwassenes te word en dit is dus n belegging in die kind se toekoms.

3 Ontwikkelingsuitdagings tydens die laerskool lewensfases

- Lewensfases moet nie rigied volgens ouderdom interpreteer word nie maar eerder as n bree algemene aanduiding en ietwat van n oorveralgemening.
- Daar is altyd uitsonderings maar n breë, algemene indeling kan riglyne verskaf van die uitdagings wat kinders moet trotseer.
- Beter begrip van die kind se uitdagings sal ouerbetrokkenheid kan verbeter.
- Die skolastiese indeks van Grondslag-, Intermediêre- en Junior sekondêre fases sal vir hierdie doeleindes gebruik word.

4 Grondslagfase (Gr 1-4)

- Die fase is die fondasie/grondslag vir formele leer asook die basis vir sosialisering en eksplorasie van die omgewing buite die gesin.

- In hierdie fase raak die kind besig buite die gesin en moet ervaar dat hy/sy ‘n veilige basis het om vanaf te eksploreer en na terug te keer.
- In daardie veilige hawe is daar liefde/aanvaarding/geborgenheid/struktuur en ondersteuning wat eksplorasie veilig maak en waar die kind “goed genoeg” voel en waar mislukkings en teleurstellings aanvaarbaar is en onderteun word.
- Die kind maak kennis met kompetisie, formele vergelyking met ander, met prestasie, met formele beoordeling en meting (akademiese punte, haal ‘n span of koortjie ens), met ‘n “pecking order”, met sosialisering en gee die eerste groot tree buite die nes.

Hoe sou ouerlike betrokkenheid kon lyk in hierdie fase?

- Gee struktuur/reëls/dissipline, dit skep veiligheid en sekuriteit. Daarsonder kan die wereld oorweldigend wees. Wees die kind se ouer, nie beste vriend nie.
- Gee onvoorwaardelik liefde, laat voel die kind jy as ouers is trots op jou kind se pogings, ongeag. Gee motivering en laat voel die kind”ek is goed genoeg en OK”
- Demonstreer hoe verhoudinge werk. Verhoudingsvoorbeelde word in die huis “gelewe”.
- Bring geluk, maak tyd vir speel, lag, gesels, gee aandag en bou herinneringe.
- Bied beskerming en veiligheid.
- Help basiese take van lees, skryf, syferkonsepte bemeester.

5 Intermediêre Fase (Gr 5 en 6)

- Hierdie fase is ‘n oorgangsfase en die kind posisioneer toenemend teenoor die wêreld, eksploreer en leer ken eie vermoëns en grense.
- Die kind raak meer logies.
- Los probleme beter op.
- Raak meer abstrak.
- Humor begin ontwikkel.
- Selfkonsep begin stewig vorm aanneem.
- Liggaamsbeeld verander en selfbewustheid tree in.
- Raak bewus van teenoorgestelde geslag.
- Fisiese ontwikkeling versnel.
- Verantwoordelikheidsin begin toeneem.
- Vriendekring en sosiale netwerke raak meer stabile.
- Raak stelselmatig meer onafhanklik.

Hoe sou ouerlike betrokkenheid kon lyk in hierdie fase?

- Gee toenemend meer vryheid maar hou die leisels vas.
- Staan bietjie meer terug maar wees heeltyd beskikbaar om onmiddellike ondersteuning te bied.
- Moet nooit vryheid ten koste van betrokkenheid toelaat nie, weet steeds wat aangaan.

- Moedig selfstandige lees aan.
- Beklemtoon en onderstreep sukses.
- Bevorder die selfbeeld deur positiewe terugvoer.
- Laat hulle SELF sukkel en eksploreer en laat hulle toe om deur eie foute te leer.
- Geduld is die wagwoord terwyl hulle self n bietjie sukkel.
- Laat hulle waardevol voel.

6 Junior sekondêre fase (Gr 7)

- Die verdere versterking van die selfkonsep en identiteit asook selfvertroue staan sentraal.
- Die kind het nuwe status as senior onder laerskool leerlinge.
- Selfvertoue vorm en swaai soms na arrogansie.
- Pre-adollessensie tree in met meegaande selfbewustheid, fisiese veranderinge, selfkonsep faktore.
- Emosionele krag en identiteit begin stewig vorm.
- Groepsdruk en konformering neem toe (Cool wees en inpas maar netnie uitstaan nie maar tog raakgesien word en brand names ens ens, is kern begrippe).
- Sosiale aanvaarbaarheid raak krities.
- Raak gereed vir sekondêre skool.
- Vorm ‘n selfstandige leerkultuur en studievaardighede.

Hoe sou ouerlike betrokkenheid kon lyk in hierdie fase?

- Die kind se inisitief en eksplorasie wat vanuit die grondslagfase begin het, in die intermediêre fase verder ontwikkel het, raak nou meer van n geïndividualiseerde proses. Hierdie selfstandigheid moet nou vasgelê word.
- Die ouer se rol is om die selstandigheid te koester deur verwagtinge te kommunikeer en die kind dan self toe te laat om dit na te streef.
- Hulp en ondersteuning van eie doelwitte vs die van die ouer verteenwoordig die klemverskuiwing.
- Ouer moet probeer terugstaan maar altyd beskikbaar bly.
- Ondersteun en bemoedig alle vorm van selfstandigheid.
- Help uitdagings raaksien en moedig eie hantering daarvan aan.
- Kweek n sukseservaring en glo in jou kind se vermoëns, wees steeds die vangnet.
- Selfstandigheid en onafhanklikheid is die doelwit, oorbeskerming die gevaar.

7 Resultate van ouerlike betrokkenheid

Wanneer ouers betrokke is by kinders, is die resultate merkbaar op 3 terreine, naamlik vir die kind, die ouer self en die skool.

Die kind:

- Ervaar sekuriteit en kan eksploreer, ontdek, sukses ervaar en identiteit ontwikkel.
- Presteer akademies beter.
- Bereik in die algemeen en op verskeie vlakke meer.
- Se dissipline is beter.
- Motivering is beter.
- Gedrag is meer aanvaarbaar.
- Bogenoemde effek gaan voort in hoërskool en volwssenheid.
- Het ‘n baie beter kans om gesonde gelukkig, effektiewe en optimaal funksionerende volwassenes te word.

Die ouer:

- Weet wat in die kind se wêreld aangaan en kan dan ondersteun en n vangnet wees.
- Kan hoë risiko gedrag beperk.
- Kan n voorbeeld help “lewe”.
- Kan ‘n vennootskap met die skool vorm.

Die skool:

- En ouers verstaan mekaar beter.
- Ervaar minder problem.
- Behaal beter akademiese resultate.
- Vaar Finansieel beter.
- Het beter moral.
- Beskik oor n beter beeld.
- Kan put uit ‘n groter poel van vaardighede en kundigheid.
- Se onderwysers word dus gebuffer teen uitbranding.
- Los probleme makliker op omdat die vennootskap met ouers die kapasiteit verhoog.
- Het meer inisiatief.

8 Ten slotte

- Bogenoemde is riglyne en nie absolutes nie.
- Daar bestaan nie een resep vir betrokkenheid nie.
- Skole sonder ouerlike betrokkenheid se kanse op sukses is skraal.
- Skole bied formele onderrig, die huis bepaal die houding, motivering en selbeeld. Hierdie faktore saam met formele onderrig is mede-bepalend vir sukses. Dit volg dus logies dat skool en ouer samewerking in vennootskap onontbeerlik is.
- Navorsing bewys oor en oor dat ouerlike betrokkenheid en samewerking in ouer- skool vennootskappe krities belangrik is vir gelukkige kindwees.
- Ouers bly die primêre opvoeders. Die skool dra daartoe by. Ouers wat kinders by die skool aflaai en hulle “oorhandig” aan onderwysers vir opvoeding, mis die hele punt.

- Betrokke pa's by seuns en dogters is krities. Die luuksheid van stereotipe geslagsrolle in kinder betrokkenheid is uitgedien. Skool en skoolsake is nie die "ma" verantwoordelikhede alleen nie.

"Kinders kan nie noodwendig grootgemaak word nie. Ouers sien hulle maar grootword. Die beste plek om dit dop te hou is van naderby en vanaf jou knieë: Adelene Grobler"

Vir enige verdere navrae: Dirk Odendaal 0827842627 of
dirkodendaal1@afrihost.co.za